

EVIDENCE given in P. E.  
re State vs Nombomvu & others  
re: Admissibility of Confessions

53.

Exh. 11.

Was that prior to your making the statement? --- The same day they pulled my tooth they made me make a statement.

NO FURTHER QUESTIONS BY MR. SELIGSON.

BY HIS LORDSHIP:

Tell the witness here in Court he has made the statement that he was compelled to make a statement, by the police; Warrant officer Du Preez will be called as a witness in that regard by the Attorney-General. He will probably be charged with perjury and then at that trial he will be able to raise the question as to whether he was forced to make a statement or not.

HANS JURIE POTGIETER: VERLAAR OUDER EEN:

HOOFVERHOOR:

(OBJECTION BY THE DEFENCE FOR RECORD PURPOSES: Re statement).

DEUR MNR. VAN NIEKERK:

Is u 'n addisionele landdros te Port Elizabeth? --- Ja.

En op 13-12-1962 het daar voor u verskyn ene Peter Nombomvu? --- Ja.

Beskuldigde No.1 in die sakk? --- Ja.

En het hy vir u geblyk asof hy by sy volle, gesonde verstand is? --- Ja.

Het u hom behoorlik gewaarsku dat hy nie verplig was om enige verklaring te sakk nie en dat indien hy 'n verklaring sou sakk dit oorgeskryf sou word en dit later teen hom as getuie gebruik kan word? --- Ja.

Mnr. Potgieter, watter taal het u met hom gepraat?

--- In Afrikaans.

Is hy Afrikaans magtig? --- Ja Edelagbare.

U het nie 'n tolk gebruik nie? --- Nee, ek het nie 'n tolk gebruik nie.

Was u alleen in die kantoor? --- Ek was alleen in die kantoor.

Het u hom gevra of hy die waarskuwing begryp wat u hom gegee het? --- Ja edelagbare.

Wat/....

Wat was sy antwoord daarop? --- Sy antwoord daarop was ja. Ek het hom gevra of hy desondanks nog verlang om 'n verklaring te maak en sy antwoord was ja.

En het u hom daarop weer gevra of hy deur enige persoon aangemoedig is om 'n verklaring te maak of daar enige beloftes deur enige persoon aan hom gemaak is om die verklaring af te lê?

--- Ja, en sy antwoord daarop was nee, geen.

Het u hom gevra of hy enige voordele verwag as hy 'n verklaring sou maak? --- Ja.

En wat was sy antwoord? --- Hy het gesê: 'nee, ek wil net die waarheid praat. Ek wil net die waarheid soos ek dit weet praat.'

Het u hom gevra of hy besef dat hy in die teenwoordigheid van 'n landdros is? --- Ja Edelagbare.

Het u hom gevra of hy wantevors 'n verklaring van dieselfde aard gemaak het? En indien wel wanneer en aan wie?

--- Ja, en die antwoord was nee.

Het u hom gevra wanneer hy in hegtenis geneem is?

--- Ja, sy antwoord was op 10 Oktober 1962 (?) maar hy is nou op borg.

Dit was sy antwoord gevees? --- Dit was sy antwoord.

En het u daarop sy verklaring neergeskryf? --- Daarop het ek sy verklaring neergeskryf.

Mr. Potgieter die papier voor u is dit 'n afskrif?

--- Dit is die oorspronklike.

Oorspronklike bekentenis? --- Ja. (Bewysstuk C).

GEEN VERDERE VRAE DEUR MEV. VAN NIEKERK.

KRUISVERHOOR DEUR MEV. SELIGSON:

Hou, het u 'n voorgeskrywe vorm gebruik van hierdie kantoor?

DEUR RECHTER MUNNIK: 'n Afgerolde vorm.

DEUR MEV. SELIGSON:

Ja, 'n afgerolde, voorgeskrywe vorm wat deur die Departement gebruik word? --- Ja.

(Ingehandig as bewysstuk C.)

Hou/.....

Hou, kan u vir ons sê Mr. Potgieter, wie het vir die beskuldigde en u kantoer gebring? --- By het alleen en my kantoer gekom.

Het hy alleen gekom? --- Ja.

DEUR RECHTER MULLIK:

Was u vooraf gesê om hom te verhoor? --- Ja.

..... hoofkonstabel Du Preez.

En hy het vir u gevra of u beskikbaar is? Vir die dealindes? --- Ja.

MRS. SELIGSON GAAN VOORT:

Hou, die beskuldigde is 'n Bantoesan, nie waar nie?

--- Ja.

Het u dit nie nodig gesê om versigtigheidshalwe 'n tolk te verkry nie Mr. Potgieter? --- As ek reg onthou Edelhagbare dan het die beskuldigde vir my gesê dat hy Afrikaans magtig is.

U het dit nie genoteer nie? --- Nee, ek het nie.

Het u aan hom die vroeë gestel soos hulle op die vroeë voorkom?

DEUR RECHTER MULLIK:

Het ander woorde, het u dieselfde woorde gebruik?

--- Nee, ek het nie presies dieselfde woorde gebruik nie.

Byvoorbeeld het u vir hom gesê: 'Verlang u om 'n verklaring te maak?' --- Ek het nie vir hom die presiese woorde afgelees wat hierop verskyn nie.

Het u dit plat gestel? --- Ek het dit plat gestel.

DEUR MRS. SELIGSON:

U het probeer om dit te vereenvoudig? --- Ja.

Maar andersins is bewyslik G 'n volle rekord van die gesprek wat plaasgevind het tussen u en beskuldigde No.1, behalwe dat u sê u meen dat hy gesê het dat dit nie nodig is vir u om 'n tolk te kry nie maar dat hy tevrede is om Afrikaans te praat? --- Ja.

Maar dit verskyn nie daarop nie. --- Dit verskyn nie daarop nie.

Maar andersins is dit 'n volle rekord van wat plaasgevind

het behalwe dat u miskien die woorde 'n bietjie vir hom verduidelik het? --- Ja.

Nou, ek merk op dat daar geen vraag op die vorm verskyn of enige dreigement of aanranding deur enige persoon teen die beskuldigde gebruik is nie? --- Ja, dit is so.

Dus is daardie vraag nooit gestel nie?

DEUR HERRN MUMIK:

Is daardie vraag 'n vraag wat gewoonweg op daardie afgerolde vorm voorkom? --- Nee Edelhagere.

DEUR ME. SELIGSON:

Is u bewus van die beslissing in die Hooggeregshof in die afgelope tyd waar gesê word dat so 'n vraag gevra moet word? U was seker nie bewus daarvan nie? --- Nee, ek was nie daarvan bewus nie.

Byvoorbeeld daar is hieroo in die rekord van wat die beskuldigde sou gesê het, is daar woorde soos 'ontploffing', nou is dit 'n woord wat die beskuldigde sou gebesig het?

--- Edelhagere hierdie het gebeur op die 13de Desember. Ek wil nie voorgee dat die woorde wat hierop neergeskryf is woordeliks, woord vir woord gebruik was nie. Dit kan wees dat ek hier en daar 'n woord neergeskryf het wat daar ingepas het maar die posisie is ek het Afrikaans met die beskuldigde gepraat en hy kan Afrikaans praat maar ek glo nie hy kan so 'n goeie Afrikaans praat soos wat hier staan nie.

So die posisie is dat u wel woorde gebruik het wat hy nie gebruik het nie? --- Ja.

Nou, 'n mens kan sannaem dat die enigste vras wat u aan hom gestel het bowendien die vras wat hieroo verskyn, is ter verduideliking van sy storie - byvoorbeeld 'n vraag soos: 'Wat het toe gebeur?' --- Wel dit sal feitlik al wees ..... (Res van sin onduidelik.)

Mr. Potgister is dit nie die gewone procedure om die presiese selfde woorde wat die beskuldigde gebruik naar te skryf nie? Is dit nie 'n veiliger procedure nie? Aa/.....

As om die sinsvoud te probeer verbeter. Is dit nie beter om die presiese woorde neer te skryf nie? --- Dit is vir die Hof om te besluit daardie - dit hang natuurlik alles van die omstandighede af?

U het geen verdere ondersoek ingestel hoekom die beskuldigde nou 'n verklaring wou maak nadat hy op 10 Oktober in hegtenis geneem is en toe op borg uit is? --- (Antwoord onhoorbaar.)

So u het nie verder gegaan as die borg .. --- Geen verdere rede.

DEUR REGTER MUNDLIK:

Was hy enigszins senuweagtig? --- Edelagbare, wat geblyk het, nie.

.....

Het u enige twyfel dat die beskuldigde u verstaan het, of dat u hom verstaan het? --- Edelagbare ek het geen twyfel.

GEEN VERDERE VRAE DEUR MEE. SELIGSON.

MEE. SELIGSON SPREEK DIE HOF TOE:

AANDACHTIG: Dat die beskuldigde gedreig is dat as hy nie die verklaring gaan maak nie dan sal sy borg van hom weg-geneem word en dan sal hy weer opgesluit word. En ook dat in die tyd, die vorige tyd toe hy opgesluit was was hy aangerand. In die omstandighede was die verklaring nie 'n vrywillige verklaring nie.

VERDERE BEWEEKING VOLG:

MEE. VAN NIEKERK ANTWOORD:

DIE STAAT ROEP GETUIGENIS IN HOOGSTAANDE VERBAND.

JACOBUS VREY: VERKLAAR ONDER EED:

HOGVERHOOR:

Mr. Vrey, is u 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Port Elizabeth? --- Dit is reg.

Ken u vir beskuldigde No.1? --- Ek ken hom.

Daar word beweer dat hy op 13-12-1962 'n verklaring voor addisionale Landdros Potgieter afgelê het. Weet u iets daarvan af? --- Ek het daarvan gehoor.

Onthou/.....

NB

Onthou u dat net voor daardie geleentheid - onthou u of u die beskuldigde gesien het op een of ander stadium?

--- Ek het hom gesien Edelagbare.

DEUR RECHTER MEHLIK:

Het jy hom gesien na hy uitgelaat is op borg of voor hy uitgelaat is op borg? --- Na hy uitgelaat is op borg Edelagbare.

DEUR MEJ. VAN NIEKERK:

Wat het gebeur by die geleentheid? --- Die beskuldigde het die middag daar aangekom. Beskuldigde het by die polisie-stasie op Korsten aangekom.

DEUR RECHTER MEHLIK:

Watter datum, kan u sê? --- Dit kon op die 12de ge-wees het edelagbare.

DEUR MEJ. VAN NIEKERK:

Ja, hy kom toe by Korsten polisiekantoor aan? --- Hy vra toe om vir Mr. Du Preez te sien Edelagbare.

Was u aan diens gewees? --- Ek was aan diens gewees.

Was Du Preez daar gewees? --- Hy was nie daar gewees nie.

U weet natuurlik dat die beskuldigde uit was op borg en daagliks moes rapporteer? --- Reg Edelagbare.

DEUR RECHTER MEHLIK:

Het hy daardie dag ... waar moes hy rapporteer?

--- Kaasakale-polisiestasie Edelagbare.

DEUR MEJ. VAN NIEKERK:

Het hy enigiets te doen gehad by Korsten-polisiestasie so ver u weet? --- Niks so ver as wat ek weet nie Edelagbare.

Was daar toe een of ander gesprek? Het u vir hom gevra waarom hy met adjutant-offisier Du Preez wou - hom wou spreek? --- Ek het hom nie gevra nie.

Wat het u hom toe gesê? --- Ek het hom net gesê dat Adjutant-offisier Du Preez môre daar sou wees en hy moes môre kom.

GEEN VERDERE VRAE MEJ. VAN NIEKERK.

FRUISTERHOOF DEUR MRS. SELIGSON:

Hou Mr. Vrey, het u enigiets te doen gehad met die ondersoek van hierdie saak? — Edelagbare, ek was al die tyd by gewes.

Het jy kennis gedra van die verwickelings? — Ja.

Van al die verklarings en die .. was jy op hoogte van sake? — Ek was op hoogte van sake.

Het jy gewoet dat beskuldigde No. 1 uit was op borg?

— Ek het gewoet.

Hou, hy het geen besigheid gehad by die polisiekantoor nie? — Hy het geen besigheid daar gehad nie.

Hy was uit op borg en ek dink dit was 'n voorwaarde van die borg dat hy hou by die New Brighton-polisiestasie sou aanmeld? — Kwazakale-polisiestasie.

Hou, toe hy daar kom was dit 'n buitengewone ding, né?

— Dit was buitengewoon.

Het jy hom toe gevra wat hy wou hê? — Ek het hom nie gevra nie Edelagbare, hy het net gevra om Mr. Du Preez te sien toe sê ek vir hom hy hou hom die volgende middag sien.

Kyk, hy wou vir Mr. Du Preez sien, dit is duidelik dat dit in verband was met die saak, nie waar nie? — Dit was.

Ja. En dit was duidelik noes jy erken het dat dit iets met die saak te doen gehad het? — Reg.

En hy was 'n beskuldigde in hierdie saak - hoekom het jy nie verneem wat hy wou hê nie, jy was nos op hoogte van sake? — Edelagbare, Adjudant-offisier Du Preez was 'n senior lid gewees, ek het dit nie my plig geag om die man te ondervra wat hy wil hê nie.

DEUR REGTER MUNDIK:

Was hy die ondersoekbeampte? — Adjudant-offisier Du Preez was die ondersoekbeampte Edelagbare.

DEUR MRS. SELIGSON:

Maar jy kon gevra het in watter verband is dit, wat wil hy hê? — Ek het hom nie gevra nie. Mr. Du Preez/.....

Mr. Du Preez is 'n senior lid, soos ek gesê het.

Ja maar jy het mos gesê jy was by, jy het bygestaan, jy was by net al die ander verwikkelinge in die saak? Dit is eienaardig dat jy nie muskierig genoeg was om uit te vind wat hy wou hê nie, is dit nie? --- Nee, ek was nie muskierig gewees nie. Mr. Du Preez is 'n senior lid, ek was nie daarvoor verantwoordelik nie.

Maar dit sou hom miskien gehelp het? Sê nou waar die man het nou vir jou gesê dat hy 'n konfessie wou maak, sou jy nie dadelik vir Du Preez gebel het nie en gesê het die man wil 'n konfessie maak nie? --- Nee .....

Nou jy sien, jy is nie korrek as jy sê dat Du Preez in bevel van die saak was nie - was dit nie luitenant Smit wat in bevel van die saak was nie? --- Luitenant Smit was nie in bevel van die saak nie, Adjudant-offisier Du Preez doen al die ondersoek in verband met die saak.

Wat het luitenant Smit met die saak te doen gehad?

--- Luitenant Smit was in bevel van ons afdeling Edelagbare.

Hoekom het jy nie die beskuldigde as luitenant Smit toe gebring nie? --- Hy het gevra vir Mr. Du Preez.

En jy het nie uitgevind wat hy wou hê nie? --- Nee.

Nou kyk, ken jy vir 'n sekere Harrington George? Is hy 'n Bantoe-speurder of polisieaan te Korsten? --- Hy was.

Op daardie stadium was hy? --- Hy was op daardie stadium.

En hy was ook in die saak betrokke? --- Hy was.

Nou, dra u enige kennis dat Harrington George gestuur was met 'n boodskap na die beskuldigde? Weet u daarvan?

--- Nee.

Mr. Vrey, ek verstaan nie jou getuïenis mooi nie. Jy het nou net gesê dat luitenant Smit was die hoof persoon daar en jy was nie eintlik in bevel van hierdie spesifieke saak nie, maar hy het in die Magistraatshof getuig by 'n aansoek wat

gemaak/.....



gemaak is vir borg, hy het onder eed gesê dat hy in bevel van die ondersoek van die saak was. --- Ek weet nie daarvan nie Edelaagbare - hy het supervisie gehou oor ons almal daarso.

Sê jy nog dit is Du Pross wat in bevel van die saak was? --- Dit was.

En wat van ..

REKTOER MURNIK EN MEE. SELIGSON BESPREEK:

MEE. SELIGSON GAAN VOERT:

Die beskuldigde en ene William Frans was by die polisie-selle te Korsten aangehou gedurende die tyd toe hulle onder arrestasie was, is dit reg? --- Dit is reg.

Hou, beskuldigde No.1 .. van die 10de Oktober totdat hy op borg uitgelaat is op 4de Desember was hy by die polisie-selle te Korsten aangehou, is dit korrek? --- Korrek.

Watter dag van die week was dit toe die beskuldigde na jou toe gekom het? --- Edelaagbare, ek dink dit was 'n Dinsdagaand.

Watter dag van die week was dit toe die beskuldigde na jou gekom het? --- Ek weet nie watter dag dit was nie, ek dink dit was op 'n Dinsdagaand gewees.

En hoelaat was dit? --- Dit was tussen sewe en half agt gewees.

Wat het jy gedoen nadat hy daar gekom het? --- Hy het huistoe gegaan na ek met hom gepraat het.

En wat het jy gedoen om sy boodskap oor te dra aan du Preez? --- Ek het die boodskap aan mr. du Preez die aand oorgedra toe hy later die aand aan diens gekom het.

Hoelaat was dit? --- Ek weet nie hoelaat dit was nie, dit was ongeveer 10.30 of in daardie omgewing.

Wat het jy vir hom gesê? --- Ek het vir hom gesê dat beskuldigde no. 1 was daar gewees en hy wou hom sien, en ek het beskuldigde no. 1 gesê mr. du Preez sal more vroeg daar wees of more middag indien hy hom wil sien.

En het die beskuldigde die volgende dag gekom? --- Ek het hom daar gesien.

Vanneer? --- Gedurende die middag.

Hoelaat was dit die middag? --- So halfdrie, drieuur se kant. Dit was in die namiddag gewees.

En wat het toe van hom geword? --- Ek weet nie, mr. du Preez was met hom in die kantoor gewees, maar wat daar gebeur het, weet ek nie.

Was u by toe beskuldigde no. 1 aan die begin van sy arrestasie ondersoek was deur die polisie? --- Ek was by gewees met ondervragings, dit was nie net een beskuldigde nie, daar was baie gewees wat ondervra was.

DEUR REGTER MUNNIK :

Was jy by gewees toe du Preez hom ondervra het? --- Ek kan nie onthou nie.

DEUR MR. SELIGSON :

Jy sal seker ontdek dat die beskuldigde aangerand

was? --- Hy was nie in my teenwoordigheid aangerand nie.

Hy was nooit aangerand nie? --- Nie in my teenwoordigheid nie.

Geensen was aangerand in jou teenwoordigheid nie?  
--- Nee.

Ook nie William Frans nie? --- Nee.

Ek verstaan dat daar net drie persone aangehou was by die Korsten polisie-stasie, dit was Frans en beskuldigde no. 1 en James Kati? --- Dit moeg so gewees het, ek kan nie onthou nie.

Is jy absoluut seker dat die beskuldigde na jou gekom het soos jy gesê het? Want die beskuldigde ontken dat hy op so 'n wyse na die polisie gekom het? Hy sê dat hy 'n boodskap gekry het om mnr. du Preez te kom sien? --- Ek het die aand daar gekom en toe sit beskuldigde en sy vrou alreeds daarse.

DEUR REGTER MUNNIK :

Kan jy sy vrou? --- Ja.

DEUR MNR. SELIGSON :

En ....? --- Die tweede dag het hy en sy vrou weer daar opgedaag, saam.

Is jy seker dat jy het op daardie geleentheid die beskuldigde se vrou daar gesien? --- Reg.

Volgens die beskuldigde was sy vrou nie by toe hy na die Korsten Polisie-stasie gegaan het? Jy sien, ek stel dit aan jou dat die beskuldigde nooit die 11e of die 12e by die Korsten Polisie-stasie was nie, dat hy eers die 13e, die dag van die konfessie daar opgedaag het as gevolg van instruksies wat hy gekry het van Barrington George? --- Dit is nie reg nie.

Was jy daar toe oggend toe die beskuldigde geens in na die magistraat? --- Ek was daar.

Wie het hys geens? --- Ek en mnr. du Preez het hys gevat.

Jy en mnr. du Preez? --- Dit is reg.

Hoekom het jy saamgegaan? --- Ek het die kar bestuur.

Ja, maar Hoekos kon die Preek hom nie alleen vat nie? --- Ek weet nie.

Het jy hom gehelp met die ondersoek van die saak? --- Hy het net vir my gesê kon, ons moet ry, en toe ek sien toe sit die Bantoe in die kar.

Het hy in die kar gesit? --- Ja.

Het jy hom by die kantoor gesien? --- By die kantoor het hy die more aangestap gekom.

So hy was die oggend van die 13e daar by die polisiekantoor? --- Hy was.

Hoelaat het hy daar opgedaag?

DEUR REGTER KURRIK :

Het daar dan 'n dag verloop tussen die aand wat hy daar was en die dag wat julle hom na die magistratuur geneem het? --- Dit is reg, ek dink dit is die derde dag wat hy na die magistratuur is.

Die 11e was die eerste dag, die 12e was die tweede dag en die 13e die derde dag? --- Ja.

DEUR MNR. SELIGSON :

So hy het drie agtereenvolgende dae by die polisie-kantore gekom? --- Ja.

Die 13e, was hy saam met sy vrou? --- Nee, hy was alleen.

En waar het hy gegaan toe hy daar opgedaag het, toe jy hom gesien het? --- Ek was besig gewees, ek het die Bantoe alleenlik net daar gesien, hy het daar voor die kantore rondgestaan.

En toe naderhand is hy geneem na die Nuwe Geregs-houe? --- Hy was nie gebring tot by die Nuwe Geregs-houe nie.

Waar was hy gebring? --- Ons het hom afgelaai daar in Prince Alfredweg (?), en hy het op sy eie hiernstoe gestap.

Hoekom is hy daar afgelaai? Hoekom het julle hom nie direk hier voor afgelaai nie? --- Hy het gevra om daar af

te klim.

Maar julle was mos op pad om hom seentoe te bring, nie waar nie?

BY MR. JUSTICE MUNNIE :

Isn't the answer very obvious why he wanted to be dropped far from the Court, not to be seen in the company of two policemen?

BY MR. SELIGSON :

With respect, My Lord, not necessarily. There is the other possibility .....

BY MR. JUSTICE MUNNIE :

But you sound so surprised that he should have made such a request?

BY MR. SELIGSON :

Yes, I am surprised.

MR. JUSTICE MUNNIE :

It seems as though there is a perfectly logical reason for it.

DEUR MEE. SELIGSON :

Ek stel dit aan jou dat julle hom daar afgelaai het want julle wou nie hê dat julle gesken moet word nie? --- Hoe, hy het gevra dat ons hom moet aflaaie daar onder, en daarvandaan het hy geleop, en wat toe van hom geword het, weet ek nie.

Weet jy hoe gereel is vir die konfessie? --- Ek weet nie.

Het een ding, is daar enige iets aan die beskuldigde gesê toe hy afgeklim het? --- Hoe, nie wat ek van weet nie.

Niks. In die kar het jy niks aan hom gesê nie? --- Ek het nie met hom gepraat nie.

Het du Preez nie met hom gepraat nie? --- Hulle het gepraat.

Jy sien, want volgens die beskuldigde het du Preez in die kar met hom gepraat, en sekere dinge genoem in verband

met die saak, wat gesê moet word aan die magistraat? --- Nee.

Wat het hy dan gesê? --- Hulle het gesit en praat...

Waaroor? --- Beskuldigde het gesê ons moet hom nie vat tot by die polisie-stasie nie, en ons het toe gery en op die hoek van Prince Alfredweg het ons stilgehou, en daar het beskuldigde afgeklim.

Wat het du Prins vir hom gesê? Jy sê hulle het gesels? --- Dit is wat hulle gesels het.

Is dit al wat hulle gesels het? --- Dit is al wat hulle gesels het.

Hou hoe sou die beskuldigde weet waar om te gaan om hierdie konfessie te maak, watter procedure om te volg hier by die hof? --- Ek weet nie of mar. du Prins 'n reëling getref het daarvoor of wat nie.

As hy reëlings getref het, dan moet hy dit getref het voordat julle gery het van die polisie-stasie? --- Reg.

GEEN VERDERE VRAE DEUR MEER. SELIGSON NIE.

HERVERHOOR DEUR DIE AANKLAER :

Het die beskuldigde ooit die naam van luitenant Smith aan jou genoem? --- Nee.

GEEN VERDERE VRAE DEUR DIE AANKLAER NIE.

ANDRIES SAMUEL DU PRINS, verklaar onder eed:

VERHOOR DEUR DIE AANKLAER :

U is 'n Adjudant Offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Fort Elizabeth? --- Dit is reg.

En in hierdie saak van Mowobu en andere, u is die ondersoekende beampte? --- Ek is.

DEUR REGTER MUNNIX :

Wat was jou posisie met betrekking tot luitenant Smith? --- Ek was onmiddellik aan hom verantwoordelik vir die ondersoek.

As hy nou in die magistrats-hof gesê het hy is in bevel van die ondersoek, sou dit ook korrek wees? --- Onder sy leiding, ja.

Met ander woorde jy doen die veldwerk? --- En hy doen die toesig.

DEUR DIE AANKLAGER :

Nou die beskuldigde - dit word beweer dat die beskuldigde op die 13e Desember 'n verklaring in die landdroskantoor aan die landdros gedoen het? --- Dit is so.

Nou voor die 13e, het u enige berig van konstabel Fray ontvang? --- Ek het, op die aand van die 11e Desember 1962.

En Fray is 'n konstabel? --- Hy is.

Was hy ook behulpsaam in die ondersoek van hierdie saak? --- Hy was, ja.

As gevolg van die boodskap wat jy gekry het van Fray, het jy die beskuldigde ooit een of ander tyd gesien daarna? --- Ek het die beskuldigde gesien die oggend van die 12e.

Omtrent hoelaat? --- Dit was gedurende die voormiddag.

Wat het toe gebeur tussen jy en die beskuldigde? --- Die beskuldigde en sy vrou, wie ook toe aan my bekend was, het my op kantoor besoek. Die beskuldigde het gesê, bass, ek wil hê jy moet my help. Ek het toe aan die beskuldigde gesê dat jy is aangekla en jy is uit op borg. Jy moet jou prokureur gaan sien, ek kan jou gladnie help nie. Beskuldigde het toe gesê bass, ek het gekom om my hart skoon te maak, ek wil nie my prokureur gaan sien nie, jy is die enigste een wat my kan help. Ek het toe aan die beskuldigde verduidelik dat indien hy nie sy prokureur wil gaan sien nie, hy 'n landdros kan sien, en indien hy so verlang ek vir hom die nodige reëlings sal tref om 'n bestelling te maak om 'n landdros te sien. Hy het my toe gevra om dit vir hom te doen. Ek het hom toe meegedeel dat ek dit sal doen en hom versoek om my die volgende oggend weer te kom sien.

Sy vrou was by? --- Sy vrou was by.

Is hulle toe weg? --- Hy is toe weg.

Het hy toe die volgende dag gekom? --- Hy het.

Hoelaat? --- Dit was omtrent halfnege die oggend, tussen halfnege en nege-uur die oggend van die 13e, dit was vroeg die oggend.

Het u toe die reelings getref met die landdros? --- Ek het daardie dag van die 12e nie, maar toe die beskuldigde die oggend van die 13e kom, toe het ek besef dat hy ernstig is, en ek het toe die reelings getref.

Het jy gebel? --- Nee, ek het nie gebel nie. Ek het die landdros hier in die gang gekry - ek het afgekam na die hof toe.

Saam met die beskuldigde? --- Die beskuldigde het saam gekom. Voor ek by die Nuwe Gereghowe gekom het, het die beskuldigde vir my gevra, baaa, laai my hier af, ek wil nie dat die ander mense my sien nie, hier is baie mense by die hof, en hulle sal my aanrand as hulle my sien saam met jou, en ek het hom toe afgelaai.

Waar het jy hom afgelaai? --- Met die tweede blok hiervandaan af. Hy het die plek gewys waar hy wil afklim.

Wie was saam met jou in die kar gewees? --- Konstabel Pray was saam met my.

Het jy hom toe afgelaai en het hy toe self gekom... --- Hier na die Nuwe Gereghowe waar ek die landdros aangetref het, tussen die A-hof en die B-hof in die gang.

Landdros Potgieter? --- Ja, ek kon hom as die kontrolelanddros, en ek het gekom om hom te kon sien.

Hoe het die beskuldigde geweset waar hy moet heengaan hier by die hof? --- Ek het vir die beskuldigde gesê om om die hof te stap na die voorraat toe, en ek sal hom dan sê wanneer hy die landdros moet kon sien.

Het jy hom dit gesê voorwat jy hom afgelaai het? ---



Voor ek hom afgelaai het - of in die kar, ek dink dit was in die kar gewees.

DEUR RECHTER MUNNIX :

Is jy seker daarvan of nie? --- Ek is nou nie seker op watter stadium nie, maar ek het dit aan hom gesê.

DEUR DIE AANKLAER :

En het jy hom hier voor die deur gekry? --- Ek het.

En het jy hom toe gesê na watter kamer hy moet gaan? --- Ek het hom die kamer nog gaan wys ook, kamer no. 2. En ek het hom die tyd gegee, die landdroes het gesê hy sal beskikbaar wees om elfuur.

Het u op enige stadium 'n boodskap aan beskuldigde gestuur dat hy u moet kom sien? --- Ek het nooit te enige tyd nie.

Kan jy vir Barrington George? --- Hy is 'n lid van die speurdiens, en hy was ook behulpsaam met die ondersoek.

Ek praat nou van die tyd toe hy op berg was, van die 4e tot die 13e? --- Nee, ek het nie.

Het jy op enige stadium vir Barrington George gestuur om hom te laat roep? --- Nee wat ek ....

Is ek reg as ek sê die beskuldigde was gearresteer gewees en hy is losgelaat? --- Ja, hy was losgelaat, hy is weer gearresteer en toe lateraan uit op berg.

Het jy op enige stadium 'n boodskap aan hom gestuur? --- Nee wat ek kan onthou nie.

Was daar enige nood....? --- Daar was geen noodsaaklikheid nie, want ek het gewaag die man is uit op berg en hy is uit my hande uit, ek kon niks verder met hom doen nie.

DEUR RECHTER MUNNIX :

Dit word gesê - ek verstaan dit is deur jou, ek mag verkeerd wees - dat daar beloftes, of dat daar 'n dreigement gerig was aan die beskuldigde, dat as hy nie 'n verklaring doen nie, *sal harg teruggetrek word en hy sal weer opgekluis word?*

--- Neeit nie, ek sal nie so iets doen nie en ek het dit ook nie gadoen nie, en ek het hom ook geen beloftes gemaak nie.

GEEN VERDERE VRAE DEUR DIE AANKLAGER NIE.

SAAK WORD UITGESTEL TOT 30 JANUARIE 1963.

HOF VERDAG.

HOF HERVAT OP 30 JANUARIE 1963.

ANDRIES SAMUEL DU PREEZ, verklaar onder eed:

KRUISVERHOOR DEUR ME. SELIGSON :

Jy het vir ons vertel dat jy in bevel van die saak was onder die toesig van luitenant Smith? --- Dit is reg.

Hou die beskuldigde in hierdie saak is gearresteer op die 10e Oktober 1962, is dit reg? --- Hy was vir die tweede keer gearresteer.

Ek dink hy was op die 5e aangehou, en hy is toe losgelaat? --- Ja, hy is op die 7e losgelaat.

En daarna op die 10e is hy gearresteer? --- Dit is reg.

En teen die einde van Oktober is hy toe deur 'n prokureur, mr. Jankelovits verteenwoordig? --- Ek weet hy was verteenwoordig, maar ek weet nie van watter datum af nie.

U onthou dat hy verskyn het in die hof, en dat mr. Jankelovits hom verteenwoordig het? --- Ja, dit kan ek onthou.

Terwyl hy nog in hegtenis was? --- Dit is so.

En mr. Jankelovits het hom ook kom spreek in die selle te Kersten? --- Ja, ek het hom daar gesien.

Hou, hoelank is die beskuldigde aangehou by die selle? --- Al die tyd wat hy in hegtenis was - ek praat onder korreksie - al die tyd wat hy in hegtenis was.

Soos ek verstaan het is dit in werklikheid van die 10e Oktober tot die 12e November wat hy in die selle was, en daarna is hy tronk toe? --- Dit kan so wees.

How lank is hy so lank by die selle aangehou? Ek, hy was vir ongeveer 'n maand by die selle aangehou. Wat is die rede daarvoor? --- Hy is nie die enigste een nie, daar was heelwat aangehou by verskillende polisie-stasies, in die polisie-selle in Port Elizabeth.

Ek vra nie of daar ander was nie, maar wat is die rede daarvoor? Jy kan verstaan dat 'n persoon alhoewel vir 'n week in die selle aangehou word, maar lank vir 'n maand? --- Ons het hom maar net daar aangehou, ek het hom net laat aanhou by die polisie-selle.

Maar sê jy aan net sy dat dit buitengewoon is om 'n verkeerswagende prisoner te laat in die selle aan te hou? Dit is nie die gewone procedure nie? --- Ek sal nie sê dit is buitengewoon nie ...

Dit gebeur, maar dit is nie die gewone procedure nie? --- Nee, dit is nie.

DEUR ANTON KUBNIK :

As jou ondersoek afgehandel was, sou jy hom nog by die selle aangehou het? --- Nee, dan sal ek hom laat tronk toe gaan het.

Was jou ondersoek nog aan die gang? --- Die ondersoek was nog al die tyd aan die gang.

DEUR MRS. SELLINGER :

Wen gedurende die tydperk toe die beskuldigde in hegtenis by die selle was het die polisie 'n verklaring van hom gekry, is dit reg? Hy het 'n verklaring aan die polisie gemaak? --- Ek dra kennis van 'n verklaring, ja.

Wen die beskuldigde is toe op die 4e Desember 1962 op berg uitgelant, is dit korrek? --- Ja, hy was.

En op daardie stadium het u gewettig dat hy verteenwoordig was deur 'n prokureur? --- Ja.

En so teen die middel van Desember is dit besluit om die beskuldigde voor die Hooggeregshof te bring - in die

middel van Desember, is dit reg? — Ja.

Jy het nog daartoe kennis gehad? — Ja, ek het.

Went ek sien die klagstaaf die 1ste geteken is, en a mens kennis gepra het voor dit van die besluit en hoe voor die Hooggerogehof te laat verskyn? — Ja.

DEUR ME. SMIT:

Was dit nou jou besluit of die besluit van die Advokaat of die Prokureur-Generaal? — Dit besluit van die Prokureur-Generaal.

DEUR ME. SMIT:

Hou toe die beskuldigde vir 'n week want het dat hy 'n verklaring wil maak in die middel van Desember - toe jy hom gesien het en toe jy vir hom gesê het hy kan die landdroes gaan sien, wat jaar 'n week langwyls moet die beskuldigde? — Daar was, ja.

Hy sou nettertyd voor die Hooggerogehof verskyn? — Dit is so.

DEUR ME. SMIT:

Laat ek dit net so wêl, die 1ste of die advokaat is die dag waarop die klagstaaf geteken is. Hou het u voor die 1ste kennis gepra van die feit dat hy in die Hooggerogehof gaan aangekla word? — Ek het kennis gehad dat hy aangekla gaan word voor die Hooggerogehof.

Voor hy jou nog kom wê het hy was 'n verklaring maak? — Ek was nie in besit van enige dokumente nie ....

Ja, maar het jy kennis gehad? — Ek het kennis gehad dat hy aangekla sou word voor die Hooggerogehof, maar wanneer het ek nie gewet nie.

Maar jy het dit gewet toe hy jou kom sien het? — Ek het dit gewet.

DEUR ME. SMIT:

Mar, de Proeg; - ek het melding gemaak van die klagstaaf, dit is eintlik 'n kennisgeving wat uitgeleë is kragtens die subotansient. Mar, de Proeg, het u dit a gesê

gees en die beskuldigde se prokureur te laat weet toe die beskuldigde na jou gekom het op die 12de --- See, ek het nie.

Beskou jy dit nie as verkeerd om 'n onderhoud te hê met 'n beskuldigde waar hy alreeds verteenwoordig is en waar die vervolging hangende is teen hom nie? --- See, ek beskou dit nie as verkeerd nie, in hierdie opsig dat ek die beskuldigde gees het ek kan hom nie help nie, ek kan vir hom niks doen nie, hy moet sy prokureur gaan sien, en ek het hom 'n goude geleentheid gegee om dit te oorweeg, want ek het die 12e nie eers reëlings getref met 'n leë adres nie, en hy het weer teruggekom op die 13e.

Wen hoekom het jy nie sy prokureur gebel en gesê kyk hier .....

DEUR DIE AANKLAGER :

Ek maak beswaar, Edelaagbare, dit is nie die man se plig om as 'n persoon hom kom sien om na 'n prokureur te hardloop en te sê jou Klifant wil my kom sien.

DEUR HWR. SELIGSON :

Dit is vir die hof om te besluit ....

DEUR BROUWER MUMMIEK :

Hwr. Seligson, ek sou verbaas wees as dit die plig van 'n ondersoekbeampte was om 'n beskuldigde na hom toe kom en sê, ek wil my hart oopmaak, ek wil 'n konfessie maak, om die prokureur te bel en te sê jou Klifant is nou hier en hy wil 'n konfessie maak. Dit sou vir my 'n verbasende toestand van sake wees.

DEUR HWR. SELIGSON :

Dit is neergelê as die plig van 'n advokaat, in 'n saak, as hy 'n onderhoud wil voer met die opposisie se getuie....

DEUR BROUWER MUMMIEK :

Dit is heeltemal 'n ander ding.

DEUR HWR. SELIGSON :

Ek voel, met respek, Edelaagbare, die beginsel is

dieselfde.

DEUR REGTER MUNNIK :

Met ewe groot respek, mnr. Seligson, kan ek geen vergelyking sien tussen die twee nie.

DEUR MNR. SELIGSON :

Mag ek die vraag stel, en dan kan die hof besluit...

DEUR REGTER MUNNIK :

Ja, jy kan hom vra.

DEUR MNR. SELIGSON :

Ek wil jou vra, hoekom het jy nie die prokureur laat weet nie, jy werk met 'n nie-Blanke wat nie op hoogte is met sy regte nie, wat nie kennis dra van die wet nie? --- Ek het dit met nie gedoen nie, ek sou dit nie doen onder geen omstandighede nie.

Was dit nie in daardie omstandighede - sou jy nie onregverdig voordeel getrek het uit die situasie nie?

DEUR DIE AANKLAER :

Edeelagbare, ek maak beswaar teen die vraag .....

DEUR REGTER MUNNIK :

Mnr. Seligson, ek stel dit aan u dat die vraag is heeltemaal nie ter sake meer nie. Dit is myns insiens geen onregverdig voordeel nie. As 'n man 'n prokureur het, en hy verkies om by sy prokureur verby te gaan, en hy wil direk na die polisie toe gaan en hy wil 'n konfessie maak of hy wil 'n verklaaring doen, kan ek nie sien dat - dit is nog vir my nog die praktyk nog vereis enige regverdigheids- of billikheidsin dit dat die polisie hom dan moet sê gaan skakel eers jou prokureur of die prokureur moet skakel en sê, jou klišut is hier hy wil 'n konfessie maak, voor ek met hom praat moet jy nou eers self met hom kom praat. Die rede vir die ander reël, dat daar nie onderhoude geweer mag word deur die advokate met die Staatsgetuies, is eenvoudig om enige swem van suspisie dat daar met hulle gepeuter word te voorkom, en dat daar nie

naderhand die insinuasie gemaak kan word dat die verdediging gepeuter het met die getules nie. Maar waar 'n getule - die saak is nog nie eers voor die hof nie, en die getule kom en hy sê ek wil 'n konfessie maak, of die beskuldigde kom en sê hy wil 'n konfessie maak, sou ek verbaas wees om te hoor dat - van enige regsbeginself wat die polisiebeampte verplig om dan eers na sy prokureur te verwys. Veronderstel die man het nie 'n prokureur gehad nie, sou jy verwag het dat die polisiebeampte vir hom sê nou kyk, jy is 'n baie Naturel - veronderstel hy was - ek moet jou nou eers verwys na 'n prokureur, jy kan pro deo verdediging kry of jy kan deur die Regshulpbare kan jy hulp verleen word, voor jy nou verder met my praat, moet jy nou eers iemand gaan raadpleeg.

DEUR MHR. SELIGSON :

Met respek, Edelagbare, dit is heeltemaal 'n ander saak. In daardie geval is daar miskien 'n verskil waar daar nie 'n prokureur is nie, maar waar daar 'n prokureur is en daar 'n vervolging hangende is, is dit my submissie dat dit onregverdig is om in hierdie omstandighede.....

DEUR REGTER MUNKIK :

Die vraag is nie ter sake nie, want ek beskou dit nie ter sake nie - ek beskou dit nie as onregverdig nie.

DEUR MHR. SELIGSON :

Het jy op enige stadium na die konfessie vir die prokureur laat weet? --- Ek het hom nooit laat weet nie.

Mar. du Freez, wanneer het jy die boodskap ontvang dat die beskuldigde jou wil sien? --- Dit was die laat aand van die 11e.

Hoe laat die aand? --- Ontrent agt-uur.

DEUR REGTER MUNKIK :

Van konstabel Fray? --- Ja.

DEUR MHR. SELIGSON :

En wanneer het jy toe vir die beskuldigde gesien? --- Gedurende die voormiddag van die 12e.

Dit was nie in die middag nie? --- Gewis het ek

hom in die namiddag gesien.

Dieselfde dag? --- Nee, 'n paar dae daarna.

DEUR REJISER KENNIS :

Op die 12e het jy hom nie in die namiddag gesien nie? --- Ek het hom in die oggend gesien.

DEUR MRS. SELIGSON :

Hou, die besoek van die beskuldigde sou dit in die voorvalleboek aangeteken wees? --- Nee.

So daar is geen skriftelike bewys dat die beskuldigde daardie dae die polisiekantore besoek het nie? --- Nee.

Hekom is dit? --- As ons in die voorvalleboek 'n inskrywing moet maak van elke een wat die polisie kom sien, het jy boeke en boeke nodig per dag.

Jy sien, volgens Fray se getuienis het die beskuldigde op die 12e ongeveer drie-uur namiddag daar opgedaag? --- Dit is nie so nie, ek het hom in die voormiddag gesien.

Jy sien, die beskuldigde ontken dat jy die 12e daar opgedaag het. Volgens sy getuienis wat hy eal aflower het hy vir die eerste keer nadat hy op berg uitgelaat is, die 13e na die polisiekantore gegaan? --- Dan vertel sy 'n leuen.

Maar jy is reg en Fray is verkeerd as jy sê jy het hom op die 12e in die oggend gesien? --- Ek sê dit was in die oggend.

Wanneer het die beskuldigde 'n vrou hom vergees? Kyk, hy was tweemaal daar, voordat hy die konfessie gemaak het? --- Soos ek reeds gesê het, die oggend van die 12e.

Het sy vrou hom vergees? --- Wat ek haar gesien het.

Ek sê sy vrou getuienis gee dat sy hom nooit vergees het na die polisieostasie op daardie dag nie? --- Dan praat sy onwaar.

Toe die beskuldigde die volgende oggend teruggekem het, watter woordewisseling was daar tussen julle? Wat het jy aan hom gesê? --- Ek het aan hom gesê hy moet kom en dan gaan sê



ons die laaddras.

In dit die 1907 --- Dit is die 1908. Dan sal ek vir hom die reëlings tref, ek het nie die reëlings getref die vorige dag nie.

Hoekom het jy nie die vorige dag die reëlings getref nie? Dit is belangrik, die man kom daar en hy wil graag 'n konfessie maak, hy wil by sy prokureur verbygaan, hoekom het jy nie dadelik reëlings getref nie? --- Soos ek reeds gesê het, ek het hom 'n geleentheid gegee - ek het hom gesê kom die volgende dag, en as hy nie gekom het nie, dan het hy nie gekom nie. Maar hy het nog 'n geleentheid by my gekry om die volgende dag weer te kom.

Maar wil jy sê dat jy oergetuie geleentheid weggegooi het? --- Ek het nie belanggestel in wat hy vir die laaddras wil vertel nie. Ek het dit nie nodig geag nie, ek het nie uitgesien na 'n erkenning van hom nie.

Hou kyk, op daardie stadiums, die enigste getuie wat jy teen die beskuldigde gehad het, was die van twee medeplichtiges, is dit reg? --- Miskien wat u van bewys is, ek weet van meer getuie.

Hooveel getuie het jy teen hom gehad? --- Ek is nie bereid om my getuie in die hof te ....

DEUR MEESTER MURKIN :

Ek glo nie die getuie kan gevra word om verder te antwoord behalwe die antwoord wat hy alreeds gegee het nie, dat hulle het ander getuies gehad, behalwe die twee wat u genoem het.

DEUR MNR. SELISSON :

Soos dit u belang. Edelaagbare. Nou, ek kan nog nie verstaan hoekom jy hom laat loop het nadat hy vir jou gesê het hy 'n bekentenis wou maak nie? --- Ek het my verduideliking gegee, dat ek hom gesê het om my die volgende oggend te kom sien, en ek het hom nog 'n geleentheid gegee om te oorvoeg,

indien hy my nie wil sien nie, vir die landdroos nie wil sien nie, hoef hy hom nie te sien nie.

Jou getuigenis is dat jy was gewasins gretig om 'n bekentenis van hom te kry nie? --- Daar die dag was ek gladnie.

Jy was gladnie angstig daarontrent nie? --- Nee, ek was gladnie.

Ek sou gedink het dat dit jou baie sou gehelp het met die ondersoek van die saak, as die beskuldigde homself vrywilliglik aanbied om so 'n konfessie te maak, sou dit nie? --- Soos ek reeds gesê het, nee, ek het nie dit nodig gegag nie.

Die volgende oggend, terwyl julle gery het van die polisie-stasie te Korsten na die Hooggeregshof - na die Nuwe Gereghoof, watter reëlings het jy in die kar met die beskuldigde gemaak omtrent die gee van die verklaring? --- Ek het geen reëlings met die beskuldigde gemaak nie. Die eerste wat die beskuldigde my gevra het was toe ons hier op die hoek gekom het twee blokke hiervandaan, het hy my gevra, baas, laat my hier af, hier is baie mense by die hof, ek wil nie dat hulle my sien nie, ek is bang vir hulle, ek sal baas weer uitsteek. Toe sê ek vir hom goed, ek laat jou hier af, ek sal jou voor die Nuwe Gereghoof kry wanneer ek klaar die reëlings getref het met die landdroos vir jou.

Wie was saam met julle in die kar? --- Ek en konstabel Pray.

Hou sover ek kan onthou, is dit nie wat Pray vir ons gesê het nie. Pray het gesê - hy het niks gesê van 'n bestelling met hom voor die Gereghoof nie? --- Ek gee nie om wat Pray gesê het en wat hy nie gesê het nie, ek was die man wat met die beskuldigde onderhandel het, ek het met hom gepraat.

Waar het jy gesit in die kar? --- Voor in die kar.

En die beskuldigde? --- Agter in die kar.

Stem jy saam met my dat Pray sou gesê het wat

Jy aan die beskuldigde gesê het, want jy sou nie gefluister het nie? Hy kon gehoor het? Hy kon gewoonweg gehoor het? --- Ja, hy kon gehoor het.

Sou het jy nie voordat julle van Korsten gery het nie vir die landdros gebel om te reël nie? --- Ek het nie.

Die eerste rellings wat jy getref het was toe jy self hier gekom het en vir die landdros gesien het? --- Ek het hom toevallig raakgeleef in die gang, op pad na sy kantoor.

Die landdros vertel ons heeltemal 'n ander storie. Hy sê dat hy 'n oproep ontvang het van Korsten, ek dink dit was van u, ek is nie seker nie, maar dit was definitief 'n telefoonoproep wat hy ontvang het om te vra of hy beskikbaar is? Hy is verkeerd daar? --- Die landdros is verkeerd.

Volgens die landdros het die beskuldigde, sonder enige ander kontak met lode van die polisie, die beskuldigde alleen in sy kantoor ingestap? --- Ek weet nie hoe hy ingestap het nie, maar volgens my wete sou hy alleen gegaan het.

Maar die landdros het niks gesê van 'n ontmoeting met u in die gang nie? --- Die landdros is verkeerd in hierdie opsig. Ek het al dikwels dieselfde landdros geskik vir bestellings wat ek met hom gemaak het. Ek weet nie of hy dit opneem met 'n dag toe ek hom gebel het nie, ek bel hom dikwels, dit gebeur baie dat ek hom bel, maar daardie besondere dag het ek hom hier in die gang gekry.

DEUR REGTER MUMLIK :

Maar was die beskuldigde toe jy die landdros raakgeleef het? --- Hy was in die straat.

Jy het gesê jy sal hom later voor kry? --- Ek het gesê ek sal die rellings gaan tref en hom hier voor kry en sê wanneer hy die landdros kan sien.

Het jy by die sydeur ingekom? --- Ja.

DEUR MR. JELLISSON :

En het jy vir die beskuldigde gesê waarheen hy moet

gaan? --- Ek het hom gekry buitekant, ek het hom ingeneem en hom gesê hierdie kantoor is die landdros se kantoor, hy sal hier wees, die bestelling is vir elfuur.

Volgens die beskuldigde het hy die aand voordat hy die konfessie gemaak het, 'n boodskap ontvang van 'n sekere Barrington George. Dra u enige kennis van 'n boodskap wat gestuur was aan die beskuldigde deur die polisie deur Barrington George? --- Nee.

Barrington George was 'n lid van die speurdiensstaff? --- Ja, hy is nou nog.

En hy het gehelp met die ondersoek van die saak? --- Hy het.

As daar getuie is dat die vorige aand het Barrington George by die beskuldigde se huis opgedaag het en vir hom 'n boodskap gegee het dat u hom die volgende oggend sou sien, watsel u se dearentrent?--- As hy daar was - ek kan dit nie betwis nie, ek weet nie of hy daar was nie - as hy daarheen gegaan het, het hy nie op my instruksies gegaan nie, want ek dra geen kennis van iets van die aard nie.

Volgens die beskuldigde het hy die oggend van die 13e vir die eerste keer na die Korsten Polisie-stasie gekom, want hy het voor dit geen rede gehad om daar te kom nie?--- Ek se hy was daar die 12e, wat ek hom gesien het.

En jy se dit is die tweede keer wat jy hom gesien het, die 13e? --- Die tweede keer.

Het sy vrou saam met hom gekom? --- Die 12e het ek reeds gesê was sy saam met hom daar, en die 13e nie.

En volgens die beskuldigde het jy vir hom vertel dat die verklaring wat hy vantevore gemaak het waggerraak het? --- Ek het nie.

En volgens die beskuldigde het jy vir hom gesê dat jy verlang dat hy na die magistrat moet gaan en dieselfde verklaring maak? --- Nee, ek het nie.

En volgens die beskuldigde, toe hy nie ingestaan het nie, het jy hom gedreig dat as hy dit nie doen nie, sal sy borg van hom weggenom word, en dan sal hy weer opgesluit word? --- Nee, dit is onwaar.

En, volgens die beskuldigde, het jy hom hieroo by die kant van die hof afgelaai, aan die kant van die hofgebou? --- Dit is nie so nie.

DEUR RECHTER MUMBLE :

In die straat wat aan die kant van die hofgebou verbyloop? --- Dit is nie so nie.

DEUR MRS. SELIGSON :

Dink jy dit was twee strake op? --- Dit is in die straat wat voor die Nuwe Gereghouse opgaan, in dieselfde straat, maar twee blokke op.

Hy sê dit was nie twee blokke verder op nie, dit was ....? --- Ek sê dit was twee blokke verder op.

En volgens die beskuldigde het jy vir hom gesê dat hy vir die magistrat moet sê dat hy daar gekom het om die waarheid te praat? --- Hy het na my toe gekom en gesê hy wil sy hart skoonmaak, hoe kan ek vir hom ....

Jy ontken dit? --- Hy ontken dit.

En jy het hom min of meer vertel die feite wat hy moet noem. Jy ontken dit? --- Ek ontken dit.

En jy het ook vir hom gesê dat hy moet nie kak praat nie? --- Ek ontken dit.

DEUR RECHTER MUMBLE :

Is nou die bewering is dat adjoint-offisier de Preez het vir hom besonderhede gesê wat hy in sy verklaring moet sê, aan die magistrat?

DEUR MRS. SELIGSON :

Ja, beklagbare.

DEUR RECHTER MUMBLE :

Is u nou seker daarvan, Mrs. Seligson?

MNR. SELIGSON :

Ja, Edelaagbare, dit is die bewering dat die getuie die besonderhede genoem het wat die beskuldigde in sy verklaring moet gee.

NESTER MUNNIX :

Sal u dit net aan mnr. du Preez stel waar dit sou gebeur het?

MNR. SELIGSON :

